Lichtenburg Landbou Genootskap

21 Januarie 2021

Wie dit mag aangaan,

IS: LICHTENBURG VEESKOU 2021

Graag rig Lichtenburg Landbou Genootskap, in samewerking met Lichtenburg Stoetvee Vereniging hierdie ope skrywe aan betrokke partye en belangstellendes.

Die stoetvee bedryf gaan die laaste paar jaar geknou onder geweldige uitdagings en ontberinge, van die afstel van 'n skou in 2020 weens Bek-en-klouseer en die verbod op die samekoms van vee, tot die afstel van die nuwe skou datum tot die ontberinge en uiterste gevare van die Covid-19 pandemie. Vir ons as landbou rolspelers van die stoet industrie, lê die samewerking en volgehoue deursetting tot sukses van hierdie bedryf ons na aan die hart.

Na talle gesprekvoering , konsultasie met rolspelers, oorweging en heroorweging het die bestuur van Lichtenburg Landbou Genootskap gevoel dat in die belang van die stoet bedryf en skou bedryf van Suidelike Afrika dat Lichtenburg Skou wel gaan poog om 'n streng gereguleerde en uiters veilige veeskou in 2021 aan te bied. Hierdie skou sal onderwerp word aan die hoogste standaard van Covid-19 voorsorg maatreëls en veiligheidsreël. Volledige aanwysings en regulasies sal deurgegee word, maar hiermee enkele van die hoof punte:

- Alle vertoners sal beperk word tot 'n MAKSIMUM van 6 diere en 'n MAKSIMUM van 2 touleiers. (1 vir elke 3 diere).
- Alle touleiers se verblyf sal so ingedeel word dat kontak geminimaliseer word tussen persone en sal streng verwydering van kontak punte geïmplementeer word.
- Alle skou byeenkomste sal beperk word tot die getalle soos deur die staatskoerant vir daardie tyd gemeld word.
- Alle vertoners sal presiese teenwoordigheid deurgee, en sodanige toelating sal gereguleer word om aan voorvereiste te voldoen.
- Addisionele sekuriteit en veiligheidsbeamptes sal aangewys word om te sorg dat geen samedromming of ongewenste kontak sal plaasvind nie.
- Alle persone sal 1.5m sosiale distansiëring handhaaf en maskers sal ten alle tye deur alle persone gedra word. GEEN uitsondering sal gemaak word nie.

Lichtenburg Landbou Genootskap

Die voorlopige program sal soos volg wees:

19 April 2021: Diere mag die terrein om 08:00 begin betree. GEEN vroeë aflaai sal toegelaat word nie.

20 April 2021: Alle diere sal om 16:00 afgelaai wees.

21 April 2021: Skou van sekere rasse. Slegs betrokkenes per deelname mag teenwoordig wees.

22 April 2021: Skou van sekere rasse. Slegs betrokkenes per deelname mag teenwoordig wees. Interras om 17:00.

23 April 2021: Alle ras skou veiling sal om 11:00 plaasvind.

Dit is uiters belangrik vir die bestuur van Lichtenburg Landbou Genootskap, dat die hoogste standaard gehandhaaf sal word rakende Covid-19 regulasies en veiligheid. Verdere kennis sal gegee word soos en wanneer regulasies van die regering verander. Vir enige navrae kontak gerus u ras verteenwoordiger of die bestuur van Lichtenburg Landbou Genootskap.

Wees verantwoordelik en wees veilig.

Die uwe

Derick le Roux
President
Lichtenburg Landbou Genootskap
E-pos: derick@xourel.co.za
Sel: +27 79 602 5376